SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 7 SEPTEMBER 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

46STE JAMBOREE ON THE AIR

AMATEURRADIOANTENNAS EN MASOPRIGTING - DIE JONGSTE

NUWE OOSRAND KLUBKOMITEE

VOSSIE RADIOKLUB BEDRYF VELDSTASIE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

46STE JAMBOREE ON THE AIR 18/19 OKTOBER 2003

Let asseblief na die datum van hierdie geleentheid wat op die derde volledige naweek van Oktober elke jaar plaasvind.

Hierdie jaar word verwag dat JOTA-stasies meer gebruik sal maak van ECHOLINK en IRLP. Alle belangstellende stasies word aangemoedig om hierdie stelsels te gebruik.

Om die versrpreiding van inligting te versnel en om die reëling van JOTA te vergemaklik word alle belangstellende radioamateurs gevra om hul naaste "Guide Company" en/of "Scout Group" so gou moontlik te nader.

As u van plan is om aan JOTA deel te neem, maak asseblief seker dat die volgende inligting by SARL HK genoteer is:- a) u korrekte persoonlike besonderhede, veral u posadres. b) die registrasie van u persoonlike en/of spesiale geleentheid roepsein as opvoedkundige stasie.

Hierdie proses sal verseker dat die "JOTA Participation Cards" betyds by u of by die Guides en Scouts aankom. Hierdie kaarte word in Geneva gedruk en enige tyd gedurende Augustus of September aan Dave, ZS6AAW, gestuur.

GEBRUIK VAN AMPLITUDEMODULASIE (A3E).

As u oor AM-fasilitiete beskik sal u asseblief so veel as moontlik van hierdie metode oor die JOTA-naweek gebruik sodat die gemiddelde persoon die scout en amateuraktiwitiete op 'n gewone ontvanger kan ontvang.

Vir die jongste nuus, lees die "International radio-scouting" op die webtuiste www.scout.org/jota.

Vir die jongste "Jamboree-on-the-Internet" (JOTI) nuus, lees die webblad www.scout.org/joti.

Hierdie nuus ingestuur deur Dave Gemmell, ZS6AAW. SA Nasionale JOTA-Koordineerder

BELANGRIKE VERWIKKELINGE AANGAANDE ANTENNAS EN MASOPRIGTING

Na 'n stryd van ongeveer 8 jaar met bure en omtrent enige denkbare organisasie, het Dennis Wells, ZS1AU, 'n belangrike deurbraak gemaak met sy antenna en masinstallasie by sy tuiste in Durbanville. Die klagtes het hoofsaaklik gekom van 'n moeilike buurman wat nie van die toring en antenna gehou het toe dit oorspronklik geïnstalleer is nie.

Desnieteenstaande het Dennis vasberade voortgegaan om eise van die plaaslike munisipaliteit, OKOSA, ens. om sy antennastelsel te verwyder en sy stasie te sluit, teen te staan.

Drie weke gelede is die hele saak tot 'n verrassende einde gebring toe Dennis 'n brief van die Openbare Verdediger ontvang het wat sê dat Dennis sy stasie kan bedryf omdat hy voldoen aan al die vereistes vir 'n amateurradiostasie. Verder word geskryf dat Dennis geen verdere las mag hê van enige aard van enige party nie, en dat hy sy stokperdjie mag voortsit. Dit sluit in dat hy geen verstellings hoef te maak of enigiets hoef te verwyder nie. Sy antennainstallasie mag ook so bly.

Dennis sê dat hy deur die afgelope 8 jaar seker gemaak het dat sy stasie in goeie toestand gehou is. Hy het ook seker gemaak dat sy stasie ten alle tye netjies gehou is en dat hy, waar moontlik, voldoen het aan al die vereistes van die owerhede sodat hy aan geen ander faktore wat enige steuring kon veroorsaak, skuldig is nie. Dennis bedank ook die SARL vir die hulp wat hulle verleen het met kontak met OKOSA. Hy waardeer ook bystand van plaaslike amateurs wat hom gehelp het om steurings aan die bure se apparaat op te los.

Dennis is 'n lid van die Oakdale Amateurradioklub.

NUWE KLUBKOMITEE VIR OOSRANDKLUB

Tydens die onlangse AJV van die Oosrandklub is die volgende lede tot die onderskeie portefeuljes van die komitee verkies: Voorsitter - Chris Gryffenberg, ZS6COG; O/Voorsitter - Sakkie Coetzee, ZS6BPA; Sekretaresse - Johanna Harris; Tesourier - Pieter Jacobs, ZS6XT; Herhalers - Arthur Holloway, ZS6SMS; Klubhuisopsigter & Klub 675 - Jopie van Lill, ZR6JVL, Martin Harris, ZR6HFC, Harry Harris, ZR6FWH; ZS6ERB Klubstasie - Hennie Botha, ZS6HEB met ondersteuning van Sakkie Coetzee ZS6BPA, en Arno du Plessis, ZS6BDD; Vlooimarkte - Chris Gryffenberg, ZS6COG, Johan Stoop, ZS6JWS; RAE & morsekode-eksamens - Chris Gryffenberg, ZS6COG & Amaro, ZS6AFR; ERB Carrier Klub News Letter - Johanna Harris, Martin Harris, ZR6HFC, Harry Harris, ZR6FWH; Op die Lug aktiwiteite - Spektrum - Chris Willigenburg, ZS6VB; Op die Lug aktiwiteite - Bokjol - Harry Harris, ZR6FWH; Op die Lug aktiwiteite - Morseklasse - Amaro, ZS6AFR; Bulletin & Tegniese Net - Chris Gryffenberg, ZS6COG, Arthur Holloway, ZS6SMS, Chris Willigenburg, ZS6VB.

Baie dankie aan die uittredende komiteelede vir die werk wat hulle gedoen het en 'n voorspoedige diensjaar word aan die nuwe komitee toegewens.

Die adres van die klub is:

Oos Rand Radioklub Posbus 226 Dunnottar 1590.

Volgende ontmoeting:

Saterdag 20 September 2003.

VOSSIE RADIOKLUB BEDRYF VELDSTASIE

Die Vossie Radioklub (ZS6VOS) sal 'n veldstasie tydens die Nigelse skou bedryf vanaf 31 Oktober tot 1 November 2003.

Die klubstasie sal QRV wees op HF en BHF. Meer inligting nader aan die spesiale geleentheid.

Persone wat graag wil deelneem word uitgenooi om met die Voorsitter Pieter Jacobs, ZS6XT, op die Oos Rand Herhaler 145,675 MHz te skakel.

(Nuus deur ZS6COG).

HIBISCUS KUS RADIOKLUB HERLEI SARLNUUS

Die klub wil luisteraars graag verwittig dat die Hibiskus Radioklub, ZS5HAC, 'n herleidiens daargestel het wat die SARL nuus op Sondae vanaf 7,066 MHz herlei op die klubherhaler op 145,775 MHz. Hulle doen dit reeds vir die afgelope ses maande.

Die BHF-radio-ontvangs word goed gehoor vanaf Scottburgh tot by Port Edward. Daar is selfs seine tot by Pine, binnelands.

DATUMS OM TE ONTHOU

20/21 September: Die tweede been van die SARL se BHF/UHF kompetisie. Die afsnydatum vir ledegeldhernuwings is geskuif na 31 Oktober 2003.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Martin, ZS6ABU , en gelees is deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX